

**Woensdag 10 Mei**

**Skrifgedeelte: Hooglied 3:6-11**

**Fokusgedeelte: Hooglied 3:11**

**God gee ons uit as bruid om met die Bruidegom in 'n verhouding te leef, sien ons uit?**

'n Troudag het by meeste mense 'n positiewe betekenis. In baie mense se gedagtes word trou amper as 'n feëverhaal geskets.

In hierdie gedeelte lees ons van 'n baie indrukwekkende troue, as ons lees van Salomo op sy troudag. Salomo word vooruitgegaan met die reuk van wierook en allerhande speserye. Sestig kragtige helde vergesel Salomo, wat gewapen is. Salomo se draagstoel bestaan uit luukse stowwe soos Libanon-hout, goud, silwer en purper materiaal. Dit is werklik 'n eksklusiewe troue wat mens op die voorblad van 'n tydskrif sou sien.

Maar let op dat alles wat beskryf word, gaan oor Salomo. Sy bruid word nooit beskryf nie. Dit gaan oor Salomo en hierdie eksklusiewe troue, maar die bruid word heeltemal weggelaat uit die prentjie uit. As mens dit besef, dan verloor Salomo se troudag al sy glinster. In 'n sekere sin is baie troues vandag meer gefokus op die troue se uitspattighede, as waarop dit werklik moet fokus.

Dit staan so in kontras met die troudag waarop alle gelowiges wag (Op. 19:7-8). Ons lees dat die bruilof van die Lam elke troue wat ooit al was, soos 'n flou skaduwee sal laat lyk. Die bruid sal bekleed wees, nie met die beste Egiptiese linnerok nie, maar met die regverdige dade van die heiliges. Sy sal voor haar Bruidegom staan, die Een wat hierdie hele bruilof moontlik gemaak het. Toe Christus met meer prag en praal as Salomo die fokus op Homself kon trek, het Hy gekies om Homself te verarm en ter verneder ter wille van sy bruid, die kerk.

Daarom kan ons as bruid, die kerk, opgewonde deur die Gees wag vir daardie laaste troudag, omdat Christus soos geen aardse bruidegom nie. Hy is die Lam wat geslag is vir sy bruid. Sien jy uit na daardie dag?

*Sing: Psalm 45-1:1, 8-10*

*JA Coetsee (Jandré) (teologiese student)*